








It starts with a story...

Stories to heal

As children grow up, they are often faced with situations that are very challenging for them. Some of these may be "ordinary" life events, like starting school, or becoming a brother or sister. But many children are also faced with very difficult challenges, like being at the receiving end of prejudice, or the death of a loved one, or divorce. Children especially need our support during these times and one of the ways we can help them, is by sharing stories with them.

There are many wonderful stories about the potentially tough situations and dilemmas that children may face. Reading these stories together can help to support your children in the following ways.






-  When you read a story that has a character who has to deal with an issue similar to the one your children are facing, it helps them to realise that other children have similar problems to them, and so they feel less alone.
-  Stories can help children to better understand a challenging situation, discover how to cope with it and explore what options are available to them. Reading stories can help them to understand themselves better.
-  Many children find it difficult to identify and communicate how they are feeling. When children identify with a character in a story, they are often able to talk about what troubles them through talking about the character.
-  Stories give us a great starting point for discussion about things that are sometimes difficult to talk about. Asking open-ended questions about the story while you are reading it and afterwards, helps children to think and talk about their personal concerns, emotions or ideas. Here are some examples of questions you could use: "Why do you think she did/said that?", "What do you think he should do?", "How would you feel if ...?", "What would you do if ...?", "What do you do when ...?"
-  Reading stories together can lead to other forms of self-expression too. For example, your children could retell and/or act out the story, tell or write their own story, draw a picture about the story or one that is inspired by it, or write to one of the story characters.

Stories might not have the power to change the situation, but they can help change how we experience it.

Stories help genees

Namate kinders groter word, kom hulle dikwels voor groot uitdagings te staan. Sommige hiervan mag dalk "gewone" dinge wees, soos om vir die eerste keer skool toe te gaan, of 'n broer of suster te word. Maar baie kinders kom ook voor uiters moeilike uitdagings te staan, soos om aan die ontvangkant van vooroordeel te wees, of die dood van 'n geliefde, of 'n egskeiding. Kinders het in hierdie tye veral ons ondersteuning nodig, en een van die maniere waarop ons hulle kan help, is om stories met hulle te deel.

Daar is talle wonderlike stories oor die potensieel moeilike situasies en dilemmas waarvoor kinders te staan kan kom. Deur hierdie stories saam te lees, kan jy help om jou kinders op die volgende maniere te ondersteun.

-  Wanneer jy 'n storie lees waarin daar 'n karakter is wat iets moet hanteer wat soortgelyk is aan die een wat jou kinders moet hanteer, help dit hulle om te beseef dat ander kinders soortgelyke probleme as hulle het. Op hierdie manier voel hulle minder alleen.
-  Stories kan kinders help om 'n uitdagende situasie beter te verstaan, om te ontdek hoe om dit te hanteer, en om die opsies tot hul beskikking, te verken. Om stories te lees kan hulle help om hulself beter te verstaan.
-  Baie kinders vind dit moeilik om hulle gevoelens te identifiseer en te kommunikeer. Wanneer kinders met 'n karakter in 'n storie identifiseer, kan hulle dikwels praat oor dit wat hulle pla deur oor die karakter te praat.
-  Stories bied vir ons 'n wonderlike vertrekpunt vir 'n bespreking oor dinge wat soms moeilik is om oor te praat. As jy vrae met 'n oop einde oor die storie vra terwyl jy dit lees en nadat jy dit gelees het, help dit kinders om oor hulle eie, persoonlike bekommernisse, emosies of idees te dink en te praat. Hier volg 'n paar voorbeelde van vrae wat jy kan gebruik: "Waarom dink jy het sy dit gedoen/gesê?", "Wat dink jy behoort hy te doen?", "Hoe sal jy voel as ...?", "Wat sal jy doen as ...?", "Wat doen jy wanneer ...?"
-  Om stories saam te lees kan ook tot ander vorme van selfuitdrukking lei. Jou kinders kan byvoorbeeld die storie oorvertel of opvoer, hulle eie storie vertel of skryf, 'n prent van die storie teken (of een wat daardeur geïnspireer is), of aan een van die karakters in die storie skryf.

Stories het dalk nie die mag om die situasie te verander nie, maar hulle kan help om ons ervaring van die situasie te verander.



INSIDE
Win a R100 gift card from Jet Club!
BINNE
Wen 'n R100-geskenkbewys
van Jet Club!

Jet Club



Drive your
imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.





Drive your imagination



Nal'ibali news

To celebrate International Literacy Day on 8 September 2014, Nal'ibali launched its new and improved reading-for-enjoyment cellphone app with Mxit Reach. This easy-to-use app helps to put children's stories and literacy tips into the hands of even more South African caregivers and their children!

Anyone with a cellphone can get a story or literacy tip delivered to their phones each week in English, Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sepedi and Sesotho!

"Research shows that being told stories and being read to at home are the things most likely to help make children successful learners at school. Stories help children develop their imagination, thinking, ability to use language and their problem-solving skills," explains Carole Bloch from Nal'ibali.

Now, with the Nal'ibali app, you don't have to wait to be at home to share a story with your children – you can enjoy stories together on the train, in the taxi or while waiting for an appointment!

Nal'ibali-nuus

Om Internasionale Geletterdheidsdag op 8 September 2014 te vier, het Nal'ibali sy nuwe en verbeterde lees-vir-genot selfoontoepassing met Mxit Reach geloods. Hierdie toep, wat maklik is om te gebruik, help om stories vir kinders, en geletterdheidswenke vir selfs nog meer Suid-Afrikaanse versorgers en hulle kinders, beskikbaar te stel!

Enigiemand met 'n selfoon kan elke week 'n storie of geletterdheidswenk in Engels, Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sepedi en Sesotho op hul selfone ontvang!

"Navorsing toon dat wanneer daar vir kinders stories vertel word, of wanneer daar tuis vir hulle gelees word, dit die dinge is wat waarskynlik die meeste sal help om van kinders suksesvolle leerders op skool te maak. Stories help kinders om hulle verbeelding, denke, vermoë om taal te gebruik en hulle vaardighede om probleme op te los, te ontwikkel," verduidelik Carole Bloch van Nal'ibali.


Met die Nal'ibali-toep hoef jy nou nie te wag tot jy by die huis is om 'n storie met jou kinders te deel nie – julle kan die stories saam op die trein of in die taxi geniet, of terwyl julle vir 'n afspraak wag!

Here's how to sign up for the Nal'ibali reading-for-enjoyment app:

1. Download Mxit on your cellphone by going to m.mxit.com.
2. Go to **Apps**, then **Search** and then **Nalibali**.

So teken jy in op Nal'ibali se lees-vir-genot toep:

1. Laai Mxit op jou selfoon af deur te gaan na m.mxit.com.
2. Gaan na **Apps**, dan **Search** en dan **Nalibali**.



More about the Nal'ibali reading-for-enjoyment app

- You can sign up to receive a weekly tip or story to share with your children.
- You can earn points and rewards by completing stories, sending us reviews and answering monthly polls.
- There is a story library where you will find all your favourite read-aloud stories.
- You can complete fun literacy quizzes.
- Coming soon: a multilingual rhyme library for use with babies and very young children, and an "Ask the experts" feature, where you can send your reading and writing questions to receive an answer from a Nal'ibali literacy expert!

Meer oor Nal'ibali se lees-vir-genot toep

- Jy kan inteken om weekliks 'n storie of wenk te ontvang om met jou kinders te deel.
- Jy kan punte verdien en belonings ontvang deur stories te voltooi, vir ons resensies te stuur en aan maandelikse meningspeilings deel te neem.
- Daar is 'n storiebiblioteek waar jy al jou gunstelingstories vir hardoplees sal vind.
- Jy kan prettige geletterdheidsvasvra-kompesies voltooi.
- Binnekort beskikbaar: 'n veeltalige rymbiblioteek vir gebruik saam met babas en baie jong kinders, en 'n afdeling, "Ask the experts", waarheen jy jou vrae oor lees en skryf kan stuur en 'n antwoord van 'n Nal'ibali-geletterdheidskenner kan ontvang!



Die kinders se Handves van Geletterdheid is 'n reeks van stories vir kinders wat hulle leesvaardighede ontwikkel.


Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.





Fold

Pappa bring altyd 'n liedjie huis toe. Hy sing die liedjie terwyl hy aan die spane trek. Hy sing die liedjie terwyl hy die nette trek. Hy sing die liedjie terwyl hy die toue oprol. Hy sing die liedjie terwyl hy met sy fiets huis toe ry. "Kan nie rus. Vang 'n vis. Trek en plop. Moenie stop."

Always Papa brings a song. He sings the song while he pulls the oars. He sings the song while he pulls the nets. He sings the song as he winds the ropes. He sings the song as he cycles home. "Drop and swish. Find a fish. Pull and plop. Don't you stop."


We believe every child should own a hundred books by the age of five.

Become a book-sponsor and help change the world.

Get involved at bookdash.org



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



It starts with a story...

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Drive your imagination

A fish and a gift

'n Vis en 'n geskenk



Liesl Jobson
Jesse Breytenbach
Andy Thesen

Fold

Sommige dae bring Yusuf se pa 'n storie terug. Soos die keer toe hulle seeskilpaaie op die sand gevind het, honderde wat tydens 'n storm uitgespoel het. "Waat? Waat? Waat?" kry die meeu. "Wat gaan julle doen om die seeskilpaaie te help?" Pappa sê: "Laat ek julle vertel, ons het daardie seeskilpaaie gered. Ons het elke enkele een teruggesit in die see."



Some days Yusuf's father brings a story. Like the time they found sea turtles on the sand, hundreds washed up in a storm. "Waat? Waat? Waat?" cried the gulls. "What will you do to help the turtles?" Papa said, "We saved those turtles, I tell you straight. We sent them back to the ocean, every last one."

One special Friday Yusuf's father gets dressed before a flicker of light brightens the sky. He pulls on his heavy weather-proof jacket and the green woollen cap that covers his ears. He waves goodbye to his boy. Yusuf's eyes brighten when Papa says, "Today is the day I will catch a fish and bring a gift home for you."



Een spesiale Vrydag trek Yusuf se pa sy klere aan lank voor dit lig word. Hy trek sy swaar waterdigte baadjie aan, en hy trek sy groen wolmus oor sy ore. Hy waai vir Yusuf tot siens. Yusuf se oë blink toe Pappa sê: "Vandag is die dag dat ek 'n vis gaan vang en vir jou 'n geskenk gaan huis toe bring."

Omna Safiya wil 'n lekker vet geelstert vir aandete hê. Ma wil 'n nuwe rok hê. "Moenie laf wees nie," sê Omna. "Jy sal gelukkig wees as hulle 'n ou klein krappie vang. Dis dalk sommer vissert-Vrydag. Daar is nie meer baie vis in die see nie."

Omna Safiya wants a nice fat yellowtail for her supper. Mother wants a new dress. "Don't be silly," says Omna. "You'll be lucky if they catch even a tiny crab. More likely it will be fish-tail Friday. There aren't so many fish left in the sea." Yusuf holds Omna's hand. They cross the road at the bathing cabins. "Waat? Waat? Waat?" cry the gulls perched on the bright rooftops. "What is for supper?"



The men pull the boat in and coil up the cables. A hard white triangle catches Papa's finger.

"Whaaat? Whaaat? Whaaat?" cry the gulls. "What did you bring back for Yusuf?"

As the sun goes down, Papa answers the gulls, "A lucky shark tooth for my boy."


At home Yusuf holds his gift up to the stars.

Die mans trek die boot in en rol die kables op. 'n Harde wit driehoekie haak aan Pappa se vinger vas.

"Waaat? Waaat? Waaat?" kry die meeu. "Wat het jy vir Yusuf teruggebring?"

Toe die son sak, antwoord Pappa die meeu: "'n Gelukkige haaitand vir my seun."

By die huis hou Yusuf sy geskenk op na die sterre.



Yusuf hou Ouma se hand vas. By die aantrekhoekies stap hulle oor die pad. “Waaat? Waaat? Waaat?” kry s die seemeue op die helder dakkies. “Wat’s vir aandete?”

Yusuf’s father and uncle and cousins heave and pull. A little shark has been caught. It twists and thrashes in the waves. Yusuf’s father untangles the nets, singing to the shark, “Drop and swish. Find a fish. Pull and plop. Don’t you stop.”



When the shark at last is free it streaks back into the waves, leaving only one fat yellowtail in the net. Ouma Safiya will be pleased.


Yusuf se pa en oom en neefs kreun en trek. Hulle het ’n klein haaitjie gevang. Die haai wriemel rond in die golwe. Yusuf se pa knoop die net los, en sing vir die haai: “Kan nie rus. Vang ’n vis. Trek en plop. Moenie stop.”

Toe die haai uiteindelik vry is, skiet dit terug in die golwe in, en net een vet geelstert bly in die net agter. Ouma Safiya sal bly wees.



Yusuf kyk heldag lank na die lug. Dit is ’n helder, wolklose, windlose dag. ’n Vis en ’n geskenk! Wat sal Pappa van die see af terugbring? Soms bring hy ’n pragtige skulp. Soms bring hy ’n juwelgroen bottel wat deur die golwe skoongespoel is.

All day long Yusuf looks at the sky. It is bright and clear and windless. A fish and a gift! What will Papa bring home from the sea? Sometimes he brings a beautiful shell. Sometimes he brings a jewel-green bottle rinsed by the waves.



A fish and a gift?
Oh, what will it be? Papa cycles down to Muizenberg Beach. *Squeak, squeak* go the wheels all the way to Surfer’s Corner.

Gulls circle the sky. “Whaaat? Whaaat? Whaaat?” they cry. “What will you bring back for Yusuf?”


Papa rings his bell. “Wait and see what it will be!”

’n Vis en ’n geskenk? O, wat sal dit wees? Pappa ry met sy fiets tot by Muizenberg se strand. *Skwiek, skwiek* maak die wiele al die pad tot by Surfer’s Corner.


Die seemeue draai in die lug rond. “Waaat? Waaat? Waaat?” kry hulle. “Wat gaan jy vir Yusuf terugbring?”

Pappa lui sy fietsklokkie. “Wag en kyk wat ek bring!”

Die boot vaar die golwe in. Pappa se arms beurt aan die roeispane. Sy bene druk teen die kante vas. Sy nekspiere bult, sy rugspiere tril. Pappa sing terwyl hy werk: “Kan nie rus. Vang ’n vis. Trek en ploop. Moenie stop.”



The boat rides into the waves. Papa's arms stretch to the oar. His leg braces against the side. His neck strains, his back muscles ripple. Papa sings as he works, “Drop and swish. Find a fish. Pull and ploop. Don't you stop.”



The fishermen watch the sun rise. They check their nets. They check their oars. They listen to the wind. They drag their boats down to the water. Yusuf's grandfather, Oupa Salie, was a treknet fisherman. Before him his father, Oupagrootjie Ridwaan, knew the sea too.

Die vissermanne kyk hoe die son opkom. Hulle gaan hulle nette na. Hulle kyk dat hulle roeispane reg is. Hulle luister na die wind. Hulle sleep hul bote water toe. Yusuf se oupa, Oupa Salie, was ’n treknet-visserman. Voor hom het sy pa, Oupagrootjie Ridwaan, ook die see geken.

“Daar's genoeg see vir almal,” het Yusuf se visiensie gewys wat nog Oupa Salie s'n was. “Die golwe is almal s'n. Die water is verniet.”

Verlede jaar het die vissermanne met die branderplankryers baklei. “Waaat? Waaat? Waaat?” kry die meeu.

Water for free.” license that had been Oupa Salie's. “Waves for all.

showed the surfers the fishing said Yusuf's father. He

“There's enough sea for everybody,”

the gulls.

“Waaat?” cried

“Waaat? Waaat?”

with the surfers.

fishermen fought

Last year the



Ouma Safiya watches through her binoculars, her fingers curled in curiosity. The shark siren sounds. Swimmers run back to the sand and grab their towels. Surfers rush to the shore, carrying their boards under their arms. Under the showers they strip off their wetsuits.

“Whaaat? Whaaat? Whaaat?” cry the gulls. “What will Yusuf's father bring from the ocean?”



Ouma Safiya kyk deur haar verkyker, haar vingers krul van nuuskierigheid om die verkyker. Die haaisirene lui. Swemmers hardloop terug sand toe en gryp hulle handdoeke. Branderplankryers jaag terug strand toe met hulle borde onder hul arms. Onder die storte stroop hulle hul duikpakke af.

“Waaat? Waaat? Waaat?” kry die meeu.

“Wat sal Yusuf se pa uit die see saambring?”



Get story active!

Here are five quick and easy ideas for things to do together after you and your children have read, *A fish and a gift*.

1. Talk about why you think Yusuf's father put the little shark back in the sea.
2. Suggest what Yusuf might have done with the lucky shark tooth.
3. Draw pictures of what you think Yusuf's home looks like.
4. Draw pictures of Ouma Safiya thinking about a nice, fat yellowtail fish for supper and Yusuf's mother thinking about the new dress that she wants.
5. Take the cardboard insides of two toilet rolls. Use glue, string or wool to join the two cardboard rolls and make your own binoculars like Ouma Safiya's.



Raak doenig met stories!

Hier volg vyf vinnige en maklike idees vir dinge om saam te doen nadat jy en jou kinders, 'n *Vis en 'n geskenk*, gelees het.

1. Praat oor waarom julle dink Yusuf se pa die klein haaitjie in die see teruggegooi het.
2. Maak voorstelle oor wat Yusuf dalk met die gelukkige haaitand gedoen het.
3. Teken prente van hoe julle dink Yusuf se huis lyk.
4. Teken prente van Ouma Safiya wat aan 'n lekker vet geelstert vir aandete dink en Yusuf se ma wat aan die nuwe rok dink wat sy wil hê.
5. Neem twee leë toiletrolletjies. Gebruik gom, tou of wol om die twee kartonrolletjies aan mekaar vas te maak, en maak julle eie verkykers, nes Ouma Safiya s'n.

Know your Nal'ibali characters

Between the ages of six and nine, many children move through the stages of emergent reading to independence. So a lot happens in terms of literacy development, and it's important to keep reading to your children. Find out about Neo and what he enjoys reading, then enter the competition to win a gift card from Jet!

Neo is 8 years old. He lives with his mom, dad, Gogo and younger sister, Mbali. He speaks isiZulu and isiXhosa and some English too. Neo likes to explore and to try out new things. He also loves playing soccer and reading books. His favourite books are adventure stories – especially ones about pirates!

Ken jou Nal'ibali-karakters

Tussen die ouderdom van ses en nege jaar gaan baie kinders deur die fases wanneer hulle net begin lees, totdat hulle heeltemal onafhanklik kan lees. So baie gebeur rondom die ontwikkeling van hul geletterdheid, dat dit belangrik is om aan te hou om vir jou kinders te lees. Vind uit oor Neo en wat hy geniet om te lees. Skryf dan in vir die kompetisie en wen 'n geskenkbewys van Jet!

Neo is 8 jaar oud. Hy woon saam met sy ma, pa, Gogo en jonger suster, Mbali. Hy praat isiZulu en isiXhosa en ook 'n bietjie Engels.

Neo hou daarvan om dinge te ontdek en om nuwe dinge te probeer. Hy hou ook van sokker speel en om boeke te lees. Sy gunstelingboeke is avontuurverhale – veral stories oor seerowers!



Win! Wen!

To stand a chance of winning one of four Jet Gift Cards worth R100 each, send us the word **"Neo"** and tell us about one way you can encourage 6 to 9 year olds to keep reading. Email your answer to letters@nalibali.org, or SMS it to 32545 (standard data rates apply). Competition closes on 4 December 2014.

Om in aanmerking te kom vir een van ons vier Jet-geskenkbewyse ter waarde van R100 elk, stuur vir ons die woord **"Neo"** en vertel vir ons van een manier waarop jy ses- tot negejariges kan aanmoedig om aan te hou lees. Stuur jou antwoord per e-pos aan letters@nalibali.org, of stuur 'n SMS na 32545 (standaarddatatariewe geld). Kompetisie sluit op 4 Desember 2014.


Terms and conditions: To enter, you must be 16 years or older. Employees of PRAESA are not eligible to enter. **Bepalings en voorwaardes:** Om in te skryf moet jy 16 jaar of ouer wees. Werknemers van PRAESA mag nie inskryf nie.

Clue: Visit the "Reading & storytelling tips" section on the Nal'ibali website to find the answer. Go to: http://nalibali.org/reading_story_topics/reading-with-6-9-year-old/

Leidraad: Gaan na die "Reading & storytelling tips"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf om die antwoord te vind. Gaan na: http://nalibali.org/reading_story_topics/reading-with-6-9-year-old/



Jet Club



Story corner

Here is a new story to read aloud or retell. It is about a promise that a group of noisy birds, the storks, made long ago.

A promise is a promise (Part 1) By Wendy Hartmann

Storks are those birds with the long orange legs and long orange beaks who fly from North to South and back again. Now, a very long time ago, storks were the noisiest birds in the whole world.

They used to talk all the time. By the time they reached Africa on their flight South, each of them was talking about a different thing, all of them were talking at the same time, and not a single one of them had anything interesting to say.

If one stork said, "Fish! I love to fish."

Another would say, "I love to fish in water. Water is so wet."

And another would say, "Wet? I hate getting wet."

And so it went on and on ... "You're never dry if you're wet."

"Wet? Can you fly if you are wet?"

"Fly? Why, you just have to flap your wings and you can fly!"

And it was those last few words that the ostrich heard. He did not like the storks' chattering, but he forgot about the noise because the one thing he really wanted to do was fly.

So off he went to practise. For days he tried. He ran this way and that. He flapped his wings, but he never lifted off the ground.

"That's it," he said. "Not only do those storks talk too much, they talk nonsense. They need to be punished."

"We can't stand it either," complained the other animals. "Let's go see the wise lizard." So off they went to the river.

"You want silence?" asked the lizard. "Easy! Just say these words tonight at midnight and you will have silence." Then he whispered the magic words. "But," he said, "remember one thing. At midnight on the third day the spell will end. After that you have to come up with your own plan."

At midnight the animals gathered together. They whispered the magic words and waited for morning.

The next day they were amazed. There was not a sound from the storks and their beaks were shut tightly. At last the animals could hear each other. They were able to talk to each other without having to shout.

The animals managed to keep the storks from making a noise, but will the ostrich learn to fly? Get your supplement next week to find out.



Illustration by Richard Mackintosh
Illustrasie deur Richard Mackintosh

Storiehoekie

Hier volg 'n nuwe storie om hardop te lees of oor te vertel. Dit gaan oor 'n belofte wat 'n groep raserige voëls, die ooievaars, lank gelede gemaak het.

'n Belofte is 'n belofte (Deel 1) Deur Wendy Hartmann

Ooievaars is daardie voëls met die lang oranje bene en lang oranje snawels wat van die Noorde na die Suide vlieg, en weer terug. En baie lank gelede was ooievaars die lawaaierigste voëls in die hele wêreld.

Hulle het aanmekaar gepraat. Teen die tyd dat hulle Afrika bereik het op hulle reis na die Suide, het elkeen van hulle oor iets anders gepraat, en almal het gelyk gepraat, en nie een enkele een van hulle het iets interessants gehad om te sê nie.

As een ooievaar sê: "Vis! Ek is dol oor vis."

Sê 'n ander ooievaar: "Ek hou daarvan om in die water vis te vang. Water is so nat."

En dan sê 'n ander een: "Nat? Ek haat dit om nat te word."

En so gaan dit aan en aan ... "Jy is nooit droog as jy nat is nie."

"Nat? Kan jy vlieg as jy nat is?"

"Vlieg? Wel, jy moet net jou vlerke klap en dan vlieg jy!"

En dis hierdie laaste paar woorde wat die volstruis hoor. Hy hou nie van die ooievaars se gekwetter nie, maar hy vergeet van die lawaai, want die een ding wat hy regtig wil doen, is om te vlieg.

Hy besluit daarom om te gaan oefen. Hy oefen dae lank. Hy hardloop heen en weer. Hy klap sy vlerke, maar hy kom nie van die grond af nie.

"Genoeg is genoeg," sê hy. "Daardie ooievaars praat nie net te veel nie, hulle praat ook twak. Hulle moet gestraf word."

"Ons kan dit ook nie verduur nie," kla die ander diere. "Kom ons gaan na die wyse akkedis toe." En hulle kies koers rivier toe.

"Julle wil stilte hê?" vra die akkedis. "Dis maklik! Sê net vannag om middernag die volgende woorde en julle sal stilte hê." Toe fluister hy die toorwoorde. "Maar," sê hy, "onthou een ding. Om middernag op die derde dag sal die toerspel eindig. Daarna sal julle jul eie plan moet maak."

Om middernag kom al die diere bymekaar. Hulle fluister die toorwoorde en wag dat dit lig word.

Die volgende dag is hulle verstom. Daar kom nie 'n geluid uit die ooievaars nie, en hulle snawels bly bot-toe. Uiteindelik kan die diere mekaar hoor. Hulle kan met mekaar praat sonder dat hulle hoef te skree.

Die diere het dit reggekry om die ooievaars stil te maak, maar sal die volstruis ooit leer vlieg? Kry volgende week jou bylae om uit te vind.

Find us
on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op
Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

How have books and stories shaped your life and your children's lives? Have they helped you to explain a difficult situation to your child? Or has discovering a favourite story encouraged your children to read and helped improve their reading at school? Tell us on Facebook (www.facebook.com/nalibaliSA), or Twitter (www.twitter.com/nalibaliSA), using the hashtag #StoryPower, or email us at info@nalibali.org and we could feature how stories have made an impact on your life!



Hoe het boeke en stories jou lewe en jou kinders se lewens beïnvloed?


Het hulle jou gehelp om 'n moeilike situasie aan jou kind te verduidelik? Of het 'n gunstelingstorie jou kinders aangemoedig om te lees en hulle gehelp om beter te lees by die skool? Vertel vir ons op Facebook (www.facebook.com/nalibaliSA), of Twitter (www.twitter.com/nalibaliSA) deur die hutsmerker #StoryPower te gebruik, of stuur vir ons 'n e-pos by info@nalibali.org en ons kan moontlik in die bylae sê hoe stories 'n impak op jou lewe gemaak het!

Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m.

SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm.

SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

Supplement produced by The Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.



Drive your
imagination

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld